GEMEENTELIKE DIENSGELEENTHEDE

'n Aparte blaadjie is op die kennisgewingborde in die kerk se portale beskikbaar met diensgeleenthede daarop vir u gebruik en/of as u daarby betrokke wil raak.

facebook

Daar is heelwat foto's op ons FB-blad. Gaan kyk gerus.
NGKerk Somerset-Wes

CARITAS

Klere- &
wit olifantverkoping
Vry, 16 Feb.
vanaf 09:00
in die kerksaal.
Kontakpersoon:
Susan Groenewald
072 560 7965

Die koste per **nissie** in die **Gedenkmuur** is R3 000 en is primêr vir die gebruik van gemeentelede.

BORG VAN DIE MAAND

Feather Dusters
Johan Bruwer
084 871 0138

GEBEDSONDERWERPE

- Bid vir alle werksoekers. Bid vir ekonomiese groei en werkskepping sodat ons land se mense met waardigheid vir hulleself en hulle gesinne kan sorg.
- Bid vir alle geestelike leiers – dat hulle met 'n gesindheid van nederigheid sal dien en lei. Bid ook dat hulle bewaar sal word van versoeking om die vertroue wat in hulle gestel word te misbruik.
- Vir die hospitaalpersoneel en dokters in ons omgewing. Bid vir energie vir lang werksure, en vir deernis met die pasiënte.
- Vir elke instansie wat met dwelmafhanklikes werk. Bid dat die werkers nie moedeloos sal raak nie en vir sukses op hulle werk. Bid vir almal wat in die greep van een of ander afhanklikheid vasgevang is.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com **021-852 1912 / 082 778 1510**

DEURKOLLEKTES

04 Feb: Disakloof – R1 394
11 Feb: Projek 2019
18 Feb: Sinode: Gem.ontwikkeling
25 Feb: Gemeentebediening

WEBTUISTE

Gaan besoek gerus ons gemeente se webtuiste vir die nuutste inligting by http://ngksomersetwes.co.za

UITNODIGING - VERWELKOMINGSTEE

'n **Verwelkomingsteeparty** word op **Dinsdag, 13 Februarie** om **10:00** in die **kerksaal** aangebied vir alle nuwe intrekkers en gemeentelede. Dit beloof om 'n lekker kuier geleentheid te wees waar ons **nuwe vriende kan ontmoet en mekaar beter leer ken**, rondom 'n lekker koppie tee en verversings.
L.W.: Hierdie geleentheid is nie dieselfde as die een wat na vanoggend se erediens in Patmos aangebied word nie. Moet dus asb. nie wegbly nie.
Navrae: Cecile vd Poel 021 851 9901

GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE

REKNAAM: NGK Somerset-Wes
BANK: ABSA (tjekrekening)
REKNR. - 2900 590 132
TAKKODE - 632 005
Kontak ons skriba vir meer inligting: 021 852 1787

NG Kerk Somerset-Wes

Andries Pretoriusstr. 77 (021 852 1787) 11 Feb. 2018

NAGMAAL 09:00 – EERSTE LYDENSWEEK

Baie welkom by die erediens vanoggend. Dit is vandag die laaste Sondag van Epifanie voordat lydenstyd hierdie week begin met ons Aswoensdag-byeenkoms eerskomende Woensdagaand. Ons sluit ook Epifanie hier in ons 'Omgee'-gemeente af met die heerlike Nagmaal-Christusfees. Hiermee saam oordink ons die leesroosterteks uit Markus 9:2-9 wat tradisioneel in die kerk fokus op die verheerliking van Jesus op die berg van verheerliking. Mag die Here ons help om vandag iets van die openbaring van sy heerlikheid persoonlik te beleef.

Aanderediens 18:30 - PATMOS

Ons nooi jou uit na ons baie informele en interaktiewe aanddiens vanaand in Patmos. Gawes en talente kan slegs nuttig en bruikbaar wees met die regte gesindheid in die draer van hierdie gawes en talente. Ons praat saam oor wat die Here verwag van die mense (dis nou ons almal!) vir wie Hy so toerus.

TEE VIR NUWE INTREKKERS VANOGGEND in PATMOS

Alle nuwe intrekkers word genooi om vanoggend te kom tee drink in Patmos. Ds. Johan sal 'n Powerpoint aanbieding vertoon, wat die gemeente se bedieninge, aksies en werksaamhede uiteensit. 2018 Kalenders en nuwe lidmaatskapvorms sal ook beskikbaar wees. Kom woon dit gerus by.

****

TEE VIR ANDER GEMEENTELEDE

Vanoggend na die erediens in die sysaal van die kerksaal.

VOORBIDDING GEVRA:

- **Me Paula Cooke,** operasie.
- **Me Elizabeth Vockerodt,** met die afsterwe van haar pa, Bob.
- **Mnr Ben vd Merwe,** operasie.
- **Mnr Andries Cronjé,** sterk tuis aan by sy huis in Ruimtepark.
- **Me Annette Stander,** Stormhavenpark 65, met die versorging van haar man, Hennie.
- **Me Annalise Wiid** – ons is dankbaar vir haar goeie vordering en dat sy nou weer by haar eie huis is om verder aan te sterk.
- **Me Johlene van Deventer,** sukkel met haar gesondheid.

BYBELSTUDIE
Woensdag, 14 Feb. 18

PATMOS: 10:00
Pinewoodsweg 8:
Géén Bybelstudie agv Aswoensdagbyeenkoms
Johan: 082 442 9622

GEBEDSGROEP

Kom elke **Woensdag** in die komiteekamer bymekaar van **09:00 – 10:00,**
Kontakpersoon: Hannetjie Gericke (021 852 1912)

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!